# Veranderinge aan Doeane-invoerstelsel

**Tshwane, 8 Augustus 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bly toegewyd tot die voorsiening van helderheid en sekerheid met die implementering van sy mandaat wat die bevordering van regmatige handeldryf behels vir die ekonomiese ontwikkeling van die land in 'n era van spoedig-toenemende e-handel.

Dit sal behaal word deur dit maklik en eenvoudig te maak om 'n toenemende beweging van goedere te fasiliteer.

Ooreenkomstig die bogenoemde mandaat, het SARS regmatige kommer waargeneem wat uitgedruk is ten opsigte van die invoer van verskeie goedere, veral klerasie deur e-handel, by 'n aantal invoerders wat nie die verpligte doeaneregte en BTW op sodanige invoere betaal nie, wat sodoende lei tot onregverdige kompetisie met ander industrierolspelers.

Die kommer spruit uit die feit dat, as gevolg van die geweldige skaal van handeldryf deur e-handel, SARS Doeane 'n "toegewing" ingestel het vir goedere ter waarde van minder as R500, ingevolge waarvan invoerders 'n vaste koers van 20% in plaas van doeaneregte en geen BTW betaal nie.

Om hierdie kommer aan te spreek en helderheid aan handelaars te verskaf wat betrokke is by die invoer van goedere deur e-handel, sal SARS verskeie veranderinge maak ingevolge die Wêreld Doeane Organisasie (WCO)-raamwerk om aan te pas by die reeds-veranderende handelslandskap.

Vroeg in 1990 het die verskeping van groot hoeveelhede klein- of geringe-waarde goedere oor grense, wat deur koeriers en spoedposdienste gelewer word, wêreldwyd reeds aansienlik gegroei en gelei tot die Wêreld Doeane Organisasie (WCO) wat 'n stel vrystellings-/klaringsprosedures ontwikkel het - bekend as die "WCO Riglyne oor Onmiddelike Vrystelling".

Hierdie riglyne is bedoel om WCO-lede se doeane-administrasies te help om die prosessering van e-handelgoedere te standaardiseer, gebaseer op die beginsel van inligting wat voor die aankoms van die goedere deur die operateur aan doeane verskaf word, en die universele kategorisering van goedere in vier (4) uitdruklike kategorieë:

Kategorie 1 - Korrespondensie en dokumente - geen kommersiële waarde, nie aan regte en belastings onderhewig, onmiddelike vrystelling op gronde van 'n gekonsolideerde verklaring wat mondeliks of geskrewe kan wees ('n manifes, geleibrief of opname van sodanige items).

Kategorie 2 - Laewaarde besendings onder 'n bepaalde minimum drumpel waarvoor geen regte en belastings ingevorder word nie, onmiddelike klaring en vrystelling teen 'n manifes, geleibrief, huisgeleibrief, vragbrief of 'n opname van items.

Kategorie 3 - Laewaarde belasbare besendings (vereenvoudigde goedereverklaring) - goedere bo die minimum, maar onder volledige verklaringswaardedrumpel, belasbaar en die gebruik van 'n vereenvoudigde verklaring, of vrystelling teen 'n manifes met daaropvolgende vereenvoudigde klaring, ens.

Kategorie 4 - Hoëwaarde besendings (volledige goedereverklaring) - Besendings wat nie onder die drie kategorieë hierbo val nie, dit sluit besendings in van goedere wat aan beperkings onderhewig is. Normale vrystellings- en klaringsprosedures, insluitend die betaling van regte en belastings, van toepassing.

Die veranderinge wat geïmplementeer word:

- Die bekendstelling van BTW bykomend tot die huidige 20% vaste tarief doeaneregte, teen 1 September 2024, as 'n onmiddelike tussentydse maatreël.
- Die herstrukturering van die huidige 20% vaste koers in die WCO-werkswyse vir die eerste breë kategorieë met toepaslike heffingstariewe, teen 1 November 2024.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat SARS sal saamwerk met die Departement van Handel, Nywerheid en Kompetisie (DTIC), as bewaarder van die land se handelsbeleid en -ontwikkeling, asook met ander industrierolspelers, om openbare vertroue te bou deur geleenthede te soek om die speelveld gelyk te maak om plaaslike industrië te beskerm en sakegeleenthede te skep vir ekonomiese groei.

Hy het gesê dat SARS hom sal wend tot "die breër gebruik van data, kunsmatige intelligensie, masjien-aanlering en algoritmes om handel beter te fasiliteer, maar terselfdertyd risiko's tot die ekonomie te minimaliseer".

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.